

Hoofstuk van die dag: Psalm 138

> *Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee. (vers 3)*

Wat gebeur wanneer jy bid? Wanneer jy God se hulp inroep? Daar is mense wat sê gebed help nie. Daar is mense wat sê God

het so baie groot dinge wat sy aandag verg dat Hy nie tyd het om aan jou as nietige sterfling en jou onbenullige gebede te luister nie.
Dit is duidelik uit hierdie loflied dat Dawid nie gedink het gebed maak nie saak of verskil aan sy situasie nie. Toe hy na God geroep het, het God sy gebed verhoor en hom nuwe krag gegee. Dit is presies hoekom miljoene gelowiges steeds gebed as een van die wonderlikste voorregte beskou.
Jesus was hierin ’n voorbeeld by uitnemendheid. Sy hele openbare bediening is deur gebed omvou. Hy het gebid toe sy bediening begin het met sy doop (Luk 3:21); sy laaste woorde aan die kruis was ook ’n gebed (Luk 23:46). Telkens voor belangrike besluite sien ons Hom in gebed met sy Vader verkeer (o.a. voor Hy sy dissipels aangewys het, Luk 6:12-13, en in Getsemane, Luk 22:39-45).
Die Here gee om vir die nederige (vers 6). Daarom kan ons ons hart voor Hom uitstort.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026